Saterdag **9 Maart**

**Skrifgedeelte: Galasiërs 2:15-21 (AFR 2020)**

**Fokusgedeelte: Galasiërs 2:19, 20**

**Ek is saam met Christus gekruisig, en het opgestaan**

Voordat Paulus tot bekering gekom het, het hy hom streng by die wet gehou. Vir genade was daar nie plek nie. Op 'n dag verander alles, daar gebeur 'n wonder. Paulus was op pad na Damaskus om die Christene te vang en toe te sluit, en dan gebeur dit. Jesus Christus verander sy lewe. Hy word Paulus se Middelaar.

Vir Paulus verander alles. Hy sien Jesus aan die kruis. Dit word vir hom alles. Dit is vir hom so 'n werklikheid dat hy sê: "Dit is ook ek ... ek is saam met Christus gekruisig ... my sonde hang saam met Christus aan die kruis." Elkeen wat opreg glo in Jesus se kruisdood kan weet dat hy of sy gered is. Elkeen wat in geloof kan sê: "Ek is saam met Christus gekruisig" kan die sekerheid hê dat sy sondes vergewe is.

Nadat Paulus tot hierdie kosbare belydenis kom, gaan dit verder. Nou is dit nie meer ek wat lewe nie, maar Christus wat in my lewe. Christus het nie net gesterf nie, Hy het ook opgestaan uit die dood!

In Paulus se lewe was dit Christus wat geleef het. Vandag nog wil Christus in elke gelowige leef. Hy wil ook in jou daaglikse lewe sigbaar wees. Wanneer ons saam met Jesus gekruisig is, is ons sondige lewe ook saam met Hom gekruisig. Nou word ons lewe beheer deur die opgestane Christus.

Wanneer Christus in ons leef, wanneer ons ons lewens gebruik tot eer van God, dan word ons soos Paulus getuies van die kruis, en ook die opstanding. Jesus Christus het opgestaan, Hy het die dood oorwin – Hy leef in elke gelowige.

*Sing: Psalm 90-1:1-3*

*Ds. JPL (Vickus) van Jaarsveld (Krugersdorp-Wes/Magaliesburg)*